

## **Sing vooraf staande: Psalm 89:10, 14 (p. 446)**

- 10 My goedertierenheid, hom altyd trou naby, / sal in die donker nag sy helder leidster bly.  
My Naam sal vir hom wees 'n altyd sterke toring, / en in my krag swaai hy die hooggehewe horing.  
Ek sal sy hand laat heers oor lande wydgeleë, / sy regterhand laat rus op stroomgebied en seë.
- 14 'k Het by my heiligheid aan Dawid trou gesweer, / beloftewoord wat Ek bevestig altyd weer;  
sy nageslag en troon sal voor My wees onendig, / net soos die son se lig so glansryk en bestendig;  
net soos die maan so vas. En bo die hemelboë / staan die Getuie, in getrouheid onbewoë.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 33:1, 11 (p. 157)**

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!  
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.  
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –  
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!
- 11 In God, dié God wat ons beveilig, / voel nou ons hart opnuut verblyd;  
en op sy Naam, ontsaglik heilig, / vertrou ons tot in ewigheid.  
Goedertieren Vader, / hoor ons as ons nader / met 'n diep ontsag;  
slaan ons gunstig gade, / skenk ons u genade / as ons op U wag!

**Gebed**

## **Psalm 31:1, 2, 3 (p. 143)**

- 1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.  
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.
- 2 O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug / 'n rots om in te vlug!  
Wees my 'n vesting, o bevryder, / wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewel!
- 3 U is my eewge rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.  
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.

**Skriflesing: Psalm 31**

**Kernverse: Psalm 31:15-16a**

**Maar ék vertrou op U, o HERE! Ek sê: U is my God. My tye is in u hand.**  
(Psalm 31:15-16a AFR53)

**Tema: Om jou tye in die Here se hand te hê**

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, op die laaste dag van hierdie jaar is daar sommige wat baie bly is dat hierdie jaar verby is. Saam met die jaar is die spanning van hierdie jaar ook verby. Spanning is een van daardie dinge in 'n mens se lewe wat positief of negatief kan wees. Spanning is positief, want dit hou 'n mens nugter en waaksaam. Spanning maak dat adrenalien in 'n groot hoeveelheid nodig is sodat jy rats kan optree. Maar langdurige spanning het 'n baie negatiewe uitwerking. Ons kan maar net rondom ons kyk om te sien hoe langdurige spanning al mense se lewens afgetakel het – hartprobleme, maagsere en wat nog alles.

Hierdie jaar met sy dosis spanning is nou wel verby, maar ons gesonde verstand sê vir ons dat dit nie die einde van alle spanning is nie. Die nuwe jaar lê onbekend voor ons en

niemand van ons weet watter spanning op ons wag nie. Of miskien weet ons watter spanning in die nuwe jaar ons gaan beetpak omdat ons al vanaand daarmee die ou jaar uit- en die nuwe jaar ingaan.

Nou weet ons dat hierdie gejaagde lewe van ons baie bydra tot die spanning wat ons so aanhoudend beleef. En soms beny 'n mens die mense van die ou tyd. Vir ons lyk dit of die lewe vir hulle baie eenvoudiger en makliker was as wat ons dit het. As ons egter aandagtig na Dawid se woorde in ons psalm geluister het, sal ons baie gou agterkom dat die mense van die ou tyd dit nie noodwendig makliker gehad het nie. Ja, die lewe was miskien nie teen so 'n vinnige tempo soos die moderne lewe nie, maar dit beteken nie dat daar nie spanning was nie.

Dawid praat van mense wat daarop uit was om hom te beskinder, en met hulle praatjies het hulle veroorsaak dat ander mense eerder wye draaie om hom geloop het as om met hom te praat. Ja, sal iemand miskien kan sê, maar dit het met my ook al gebeur. Die skinderpraatjies van mense het die lewe vir my bitter ongemaklik gemaak by die werk. En dit het 'n groot klomp spanning veroorsaak. Goed, maar die mense wat die skinderpraatjies oor Dawid versprei het, het ook hulle nette gespan en hulle het saamgesweer om Dawid om die lewe te bring. Nie baie van ons het al sulke spanning beleef nie. En saam met hierdie spanning as gevolg van die dinge van buite af het Dawid ook nog die spanning gehad oor die skuld van sy eie ongeregthede – sy eie sonde. Ons kom agter dat Dawid dit regtig ongemaklik van alle kante gehad het.

Ons kan nou aanhou om ons spanning met Dawid s'n te vergelyk, maar wat gaan ons daardeur bereik? Die Heilige Gees het hierdie psalm vir ons gegee, nie om ons spanning met Dawid s'n te vergelyk nie, maar om raak te sien hoe 'n mens dit kan regkry dat die spanning 'n mens nie onderkry nie. En dit is die groot voordeel van Dawid, die dienskneg van die Here – die onderrig in hierdie psalm kom nie van iemand wat in 'n kraakskoon spreekkamer sit nie, maar uit die lewe van iemand wat weet waarvan hy praat, want hy het self spanning aan eie lyf ervaar. Die geheim om nie onder te gaan onder spanning nie, is in ons kernverse opgesluit:

**Maar ék vertrou op U, o HERE! Ek sê: U is my God. My tye is in u hand.**  
(Psalm 31:15-16a AFR53).

Kom ons begin by die werklikheid wat ons daagliks beleef – ons lewe hier in die werklikheid van spanning. Dawid praat van *my tye*. Wat bedoel hy met *tye* en hoekom gebruik hy die meervoud? Calvin het by hierdie vers opgemerk dat die meervoud nie sonder rede gebruik word nie. Die woord *tye* teken die verskeidenheid van omstandighede waardeur 'n mens se lewe gaan. *Tye* wil dus sê dat ons lewens 'n aanhoudende verandering en daarom ook iets van 'n onbestendigheid vertoon. Ons dink ons is in beheer van die tye van ons lewe, maar ons is nie. Dawid het dit baie goed geken. Die een dag was hy nog koning en die volgende dag moes hy op die vlug slaan vir sy lewe omdat sy opstandige seun hom verjaag het.

Ons weet nie watter dinge alles spanning in die nuwe jaar gaan veroorsaak nie. Daar is tog 'n paar dinge wat ons kan opnoem wat die potensiaal het om spanning te verhoog, en hierdie dinge hou verband met die gang van ons lewens. Party gaan in die nuwe jaar vir die eerste keer skool toe of hoërskool toe. Party gaan miskien universiteit toe. Daar is enkeles wat hulle eerste babatjie gaan hê. Sommige gaan in die huwelik tree. Party gaan aftree na baie jare diens. Al hierdie dinge weet ons gaan gebeur en ons weet daar is spanning daaraan verbonde. Maar omdat ons weet dit gaan gebeur, kan ons onself daarop voorberei.

Maar dan is daar ander dinge wat in die nuwe jaar kan gebeur wat ons glad nie voorsien het nie. Dit is dinge wat sommer in 'n mens se lewe inbars. Iemand word gediagnoseer met 'n baie ernstige siekte. Iemand naby aan jou sterf. Iemand kan sy werk verloor. Iemand kan skielik in groot finansiële nood kom. Ons weet sulke dinge kan gebeur, maar ons kan nie daarvoor beplan nie; dit gebeur sommer net. Dan moet 'n mens skielik 'n klomp aanpassings maak en dit is ongemaklik, want dit veroorsaak 'n klomp spanning.

Maar let op wat leer die Heilige Gees ons uit die lewe van Dawid oor die werklikheid van spanning in die lewe. Die eerste ding wat die Heilige Gees ons leer, is dat 'n mens voor die krisis al voorbereid is en nie eers moet voorberei wanneer die krisis toeslaan nie. Uit Psalm 31 word dit duidelik dat Dawid die Here al op 'n baie persoonlike vlak geken het voordat hierdie krisis sy lewe omvergegooi het. Let net op wat sê Dawid alles van die Here: Hy skuil by die Here (vers 2, 20, 21); die Here is vol geregtigheid (vers 2); die Here is ook sy rots en bergvesting (vers 4); en die Here is sy toevlug (vers 5). Dawid praat van die goedertierenheid en trou van die Here (vers 8, 6). Die Here is alwetend (vers 8) en genadig (vers 10).

Dawid het die Here nie in die oomblikke toe die krisis op hom toeslaan so leer ken nie. Ja, in die krisis het hy die Here nog beter leer ken as die genadige, barmhartige en regverdige God. Dawid het van jongs af die Here uit sy Woord leer ken (Ps 19) toe hy nog sy pa se skape opgepas het. Want toe al het die Here van Dawid gepraat as die man na sy hart (1 Sam 13:14). Toe die krisis op Dawid toeslaan, het hy nie verlore gestaan en nie geweet wat om te doen nie. Hy het die Here geken. Hy het die Here as toevlug en skuilplek gehad – die Here op wie hy kon staat maak.

Die tyd om hierdie kennis van die Here bymekaar te maak is voordat die krisis toeslaan. Dit is immers wat die Here ons leer by monde van die skrywer van die boek Prediker:

**En dink aan jou Skepper in die dae van jou jonkheid voordat die ongelukkige dae kom en die jare aanbreek waarvan jy sal sê: Ek het daar geen behae in nie.**

(Prediker 12:1 AFR53)

Maar wat nou as jy reeds in die krisis is en die spanning vreet jou op en jy ken God nog nie soos wat Dawid Hom geken het nie, kan 'n mens dan nog na die Here vlug? Die Here is naby die wat gebroke is van hart (Ps 34:19), soek dan die Here soos jy Hom nog nooit gesoek het nie. Hy is genadig en barmhartig. Miskien lei Hy jou om Hom te ken as jou persoonlike skuilplek en bergvesting. Maar die tyd om voor te berei is voor die spanning daar is.

Maar nou kom daar nog 'n vraag by 'n mens op: Kan 'n mens ook na die Here toe vlug as jy weet dat die oorsaak van die spanning ook te doen het met jou eie sonde? Dawid het deur die genade van die Heilige Gees raakgesien dat sy eie sonde bygedra het tot die spanning wat hy in die krisis beleef het (Ps 31:11). Dit is hieroor dat dit lyk asof die psalm geskryf is in verband met Absalom se opstand. Die Here het immers vir Dawid gesê dat die swaard nie uit sy huis sal wyk nie en dat die Here sy vroue aan sy naaste sal gee sodat hy by hulle sal slaap oor Dawid se owerspel met Bátseba en die moord op haar man. (2 Sam 12:10-11).

Die Here vergewe inderdaad ons sonde wanneer ons in alle opregtheid berouvol by Hom smeek. Maar die Here neem nie altyd die gevolge van ons misdade van ons af weg soos wat Hy die skuld van ons wegneem nie. Abraham en Sara moes veertien jaar lank die gevolge dra omdat hulle die Here se belofte op hulle eie manier waar wou maak en nie vir die Here wou wag nie (Gen 16). Maar al het ons eie sonde te doen met die spanning wat

ons beleef, mag ons steeds na God vlug in die krisistyd en weet dat Hy ons sal aanneem omdat Jesus Christus ons van die sonde verlos het.

Dawid het die gevolge van sy sonde intens beleef. Die mense rondom hom het hom beskinder en behandel soos iets wat lê en vergaan. Maar hierdie mense het nie geweet dat Dawid hom van sy sonde bekeer het en dat God hom vergewe het nie.

Ons moet nooit die sonde goedpraat nie, maar ons moet ook nie die sondaar veroordeel of verwerp nie. Ons God is vol genade en barmhartigheid. Op grond van Jesus se offer vergewe Hy die sondes van sy kinders graag, want anders sou niemand van ons hier kon wees vanaand nie. Maar in sy geregtigheid laat Hy ons 'n tyd lank die gevolge van ons sondes dra sodat ons Hom nog beter kan leer ken as die rots en bergvesting wat Hy regtig is.

Wie regtig in 'n intieme verhouding met die Here lewe, sal weet dat 'n mens se geloof in Jesus Christus nie die knoppie is om te druk as jy nooit weer swaar wil kry in die lewe nie. Om Christus te volg beteken nie dat 'n mens nooit spanning en krisisse sal beleef nie. Maar om Christus te volg en aanhoudend naby die Here te lewe, gee vir ons 'n groot rustigheid en kalmte, want ons tye is in sy hand.

Alhoewel spanning in hierdie lewe 'n werklikheid is, wys die Heilige Gees ons ook op die werklikheid van die soewereine en persoonlike God wie se Naam HERE is. Alhoewel Dawid en ons lewens onstabiel en veranderlik is, het ons 'n God wat onveranderlik is – Hy is 'n rots en 'n bergvesting. Dawid was nie uitgelewer aan die grille en giere van die mense wat hom beskinder het en sy lewe gesoek het nie. Sy hele lewe met al sy tye is in die hand van God wat soewerein is.

Omdat God soewerein is, is Hy in volle beheer van die dinge wat op hierdie aarde in ons lewens gebeur. Daniël het vir Nebukadnesar gesê:

**Hy verander die tye en geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan.**  
(Daniël 2:21a AFR53).

Met alle respek gesê, God sit nie op die punt van sy stoel en kyk met spanning oor die mensdom se doen en late heen sodat Hy kan ingryp wanneer 'n krisis opduik nie.

In sy almag en alwetendheid het God die plan vir die hele geskiedenis klaar besluit. En die boekrol met God se Raadsbesluit is in die hande van Jesus Christus – hande wat deurbor is omdat Hy die wêreld liefhet. Daarom kan ons seker weet dat wanneer die krisis op ons toeslaan, dit nie is omdat God se aandag afgetrek was nie. Watter krisis ook al opduik en watter spanning daarmee gepaard sal gaan, daardie krisis was nog altyd in God se Raad. Hy verander die tye, want Hy regeer oor die tye.

Maar wanneer die Here Homself as die soewereine God aan ons openbaar, beteken dit glad nie dat Hy Homself van hierdie wêreld en die tye van ons lewe gedistansieer het nie. Soewerein beteken nie dat God sy Raadsbesluite geneem het en nou maar net kyk hoe dit gebeur nie. Dit beteken ook nie dat die Here 'n krisis in ons lewens beskik het en ons nou maar net moet vasbyt en sien hoe ons daardeur gaan kom nie. Ons hoor in Dawid se woorde dat hierdie soewereine God ook sy persoonlike God is – hy noem Hom *my God*, want God ken sy benoudhede en ellende. Tydens die krisis met al daardie spanning is die Here persoonlik teenwoordig. Hy is immers ons rots en skuilplek, en om Christus ontwil sal Hy nooit sy kinders verlaat nie. In die krisis is God die Een wat ons dra en versorg, want Hy bly getrou.

Nou is daar mense wat moedswillig is en sê: Wel, aangesien God soewerein is en die gelowige se tye in die hand van God is, dan is daar niks wat die gelowige regtig kan doen nie. Wat moet gebeur, sal gebeur. So 'n gesindheid spreek nie van vertrou nie. En dit is juis wat die Heilige Gees ons in hierdie kernverse leer. Ons tye is wisselend en veranderlik, maar ons tye is in die hand van die onveranderlike God, daarom vertrou ons op die Here.

Nou kan iemand vra: Maar wat doen vertrou? Vertroue gaan tog nie die spanning wegneem nie. Nee, vertrou neem nie die spanning weg nie en laat ook nie die krisis verdwyn nie. Maar vertrou in die soewereine en persoonlike God gee aan 'n mens innerlike stabiliteit terwyl alles rondom 'n mens nog in 'n warboel is. Dit is omdat Dawid daardie innerlike vrede van die Here gekry het deur sy vertrou in God dat hy hierdie psalm kon skryf. Die krisis was miskien nog nie verby nie, maar hy het innerlik standvastig gevoel deur sy vertrou in God.

Vertroue is ook nie iets wat sommer net gebeur nie. Ons moet ons vertrou doelbewus in die Here stel. Dit is wat Dawid gedoen het. Die vyande kan maar saamspan en beplan hoe hulle hom gaan doodmaak, sy bure kan maar hulle gesig wegdraai van hom af oor al die skinderstories,

**Maar ék vertrou op U, o Here! (Psalm 31:15a AFR53)**

Dawid het 'n doelbewuste keuse gemaak om op die Here te vertrou.

Nou hoe doen 'n mens dit? Hoe stel jy jou vertrou doelbewus op die Here? Kyk weer na vers 3 en 4. Dawid sê vir die Here in vers 3:

**Wees vir my 'n rots om in te vlug, en in vers 4 sê hy: U is my rots.**

Dit klink asof hy twee maal dieselfde ding sê, maar dit is nie so nie. Die sleutel lê in vers 3 se woorde *vir my*. Dit is wat persoonlike vertrou in die Here is. Dawid vra dat die Here vir Hom die God sal wees wat Hy regtig is. Here wees vir my 'n rots, want U is 'n rots. Wat die Here van Homself aan ons openbaar, openbaar Hy aan ons sodat ons dit in die geloof vir onself kan afsmeek. Dit is wat dit beteken om jou vertrou doelbewus in die Here te stel.

Nou kan jy sê: Maar ek het dit hierdie afgelope jaar aanhoudend gedoen. Ek het my vertrou in die Here gestel, maar as ek myself kom kry dan is ek weer besig om die spanning en krisis te oordink. Dit is asof ek in gebed die probleem na die Here bring, maar na 'n ruk vat ek alles weer terug. Dit is ongelukkig hoe ons mense maar werk. Ons wil altyd self nog probeer. Ons dink ons kan beheer terugkry, maar dit is nie waar nie.

Dawid het ook sy vertrou in die Here gestel. Kyk wat staan in vers 6:

**In u hand gee ek my gees oor; U het my verlos, HERE, God van trou.**  
(Psalm 31:6 AFR53)

En hy het rustigheid en kalmte gevind, want hy het gejuig omdat die Here sy voete weer op vrye grond laat staan het. Maar dit is asof hy van vers 10 af weer in hierdie bodemlose dieptes van spanning verval totdat hy weer sy vertrou op die Here stel. Vertroue maak 'n mens dus nie passief nie. Vertroue is aktief. Aanhoudend omhels 'n mens God in die geloof deur te lees en te oordink wat die Here van Homself openbaar en jy smeek dat God ook vir jou so 'n God sal wees.

Ons Here Jesus Christus het presies gedoen wat in hierdie psalm geskryf staan. Hierdie psalm is 'n beskrywing van sy lewe. Hy het na hierdie wêreld toe gekom na sy mense toe,

maar sy eie mense het Hom nie erken nie. Skinderstories oor Jesus was in oorfloed, want die kerkmense wou nie sien hoe die hele wêreld agter Hom aan gaan nie. Sy dissipel wat Hy self gekies het, het hom laat meesleep deur die skinderpraatjies en het Jesus uiteindelik verraaï. Hierdie psalm was so deel van Jesus se lewe dat sy laaste woorde juis uit hierdie psalm kom:

**Vader, in u hande gee Ek my gees oor!** (Lukas 23:46 AFR53)

Christus het die spanning by uitnemendheid beleef, want Hy het ons sondes op Homself geneem. Hy kon dit doen, want Hy het Homself geheel en al aan sy Vader toevertrou wat sy soewereine en persoonlike God is.

Niemand van ons weet watter en hoe erg die spanning gaan wees in die nuwe jaar nie. Niemand weet watter krisis onverwags op ons gaan afkom nie. Maar kom ons verdiep onself in die Here en in sy Woord. Dan sal ons weet na wie toe ons kan vlug wanneer die krisis opduik en in wie se hande ons ons tye ook in vertroue kan laat.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 31:11, 12 (p. 145)

- 11 Terwyl hul raad hou teen my lewe / en teen my samespan / met heimelike plan,  
het ek my aan U oorgegewe. / Op U staan my verwagting / by smaadtaal en veragting.
- 12 HEER, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet  
die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Ds Coen Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
31 Desember 2014